## HOËRSKOOL STRAND

## TAALBELEID

Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

### 1. FAKTORE IN AG GENEEM

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- Die belange van die leerders
- Die belange van die skoolgemeenskap
- Die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is
- Die vermoë van die skool
- Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik
- Internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig

### 2. UITGANGSPUNT EN BASIS

Die uitgangspunt en basis van die taalbeleid is dat volle effek gegee moet word aan al die fundamentele regte ten aansien van taal van leerders in onderwysverband soos in die algemeen erken in die Handves van Regte van hoofstuk 2 van die Grondwet en spesifiek vermeld in artikel 29(2) van die Grondwet.

### 3. TAALBELEID ONDERHEWIG AAN ANDER WETLIKE BEPALINGS: UITLEG VAN TAALBELEID

3.1 Die taalbeleid is onderhewig aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996), die Wet op Skoolonderwys van die Provinsie Wes-Kaap (Wet 12 van 1997) en die Regulasies vir sover dit bindend op die skool is.

3.2 Die taalbeleid word so uitgelê dat dit met ander toepaslike en geldige regsbepalings oor taalgebruik in onderwys versoenbaar is.

3.3 Sonder om die algemeenheid van artikel 2.1 te beperk, is dit die uitgangspunt van die taalbeleid dat die beste belange in onderwysverband van die leerders van die skool gedien moet word en dat daar nie op enige relevante grond onbillik of onregverdig teen enige leerders gediskrimineer mag word nie.

**4. TAALGEBRUIK BY SKOOL**

4.1 Die skool is 'n **enkelmedium-instelling** soos bedoel in artikel 29(2) van die Grondwet.

4.2 Behoudens die bepalings van die taalbeleid, is die onderrigtaal by die skool **Afrikaans** (soos na verwys in artikel 6(1) van die Grondwet).

4.3 Die taal waarin die skool bedryf of bestuur word, is Afrikaans met dien verstande dat kommunikasie met buitestanders in enige taal kan plaasvind soos deur die omstandighede vereis en wat redelikerwys doenlik is.

4.4 Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die taal van onderrig van die skool.

Die keuse van die onderrigtaal moet aangedui word wanneer die leerder aansoek doen om toelating tot die skool.

**5. BEVORDERING VAN VEELTALIGHEID**

5.1 Die skool bevorder veeltaligheid deur die aanbieding van :

5.1.1 Engels as keusevak vir grade 8 – 12 leerders (Huistaal of Eerste Addisionele Taal)

5.1.2 Duits as Tweede Addisionele Taal vir grade 8 – 12- leerders

5.2. Die aanbieding van die vakke in artikel 5.1 na verwys, geskied sover moontlik in die betrokke taal self.

5.3 In die algemeen neem die skool redelike stappe om leerders in te lig oor die belangrikheid van veeltaligheid en om die aanleer van respek vir ander tale as die huistaal te bevorder.

GETEKEN TE ……**Strand**……OP ………………………………………2021.

__________________________ __________________________

VOORSITTER SKOOLHOOF